Die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub

Gestig 1992

April 2024 Nuusbrief No. 98

INHOUD

In memoriam 2
Skoutyd in die Kaap 3
Rud.Sack van Leipzig 6
Olifantsrivier skou 7
Swartland kuier 9
Bredasdorp ry en kuier 10
Nuusbrokkie en W.P. 11
Piket nog nie moeg geploeg nie... 12
Admin en hulp vir Tinkie se Pony 13



Perdekrag en perdekrag in Australië

Sakkie Koegelenberg van Clanwilliam oorlede



Dalk sal sommige mense Sakkie, al is dit met huiwering, as ’n “tussentydse” voorsitter van die Olifantsrivier-klub beskou, want hy was maar ’n paar jaar die voorsitter tussen Nico en Bandon Lubbe, maar hy was net so min “tussentyds” soos wat daar ’n man in die maan is. Sy bydrae tot Olifantsrivier en die hele Wes-Kaap, sowel as die gemeenkap van Clanwilliam en die Sandveld, was al die tyd enorm, maak nie saak in watter hoedanigheid hy gedien het of net betrokke was nie. Al was sy gesondheid in die laaste paar jaar glad nie goed nie, en het hy in die laaste tyd baie pyn verduur, het hy oral sy kant gebring. Op sy begrafnisdiens het die dominee gepraat van sy waagmoed, durf en deursettingsvermoë.



By ’n rangskikking voor in die kerk was ’n enkele foto van die Lanz kruiptrekker wat Sakkie en sy broer Jan nou al die derde geslag is wat dit versorg en bewaar. As geld die enigste ding was wat vir die Koegelenbergs saak maak, was daardie trekker lankal nie meer in Suid-Afrika nie! Daarvoor verdien hulle die eer van almal van ons wat Suid-Afrika se landbougeskiedenis respekteer.

Dit lyk mos nou of ons vir Shell ook kan groet ...

Baie min van ons het nie herinneringe aan Shell nie. Shell het in 1902 in Suid-Afrika begin sake doen. Toe is olie vir lig en hitte verskaf. Later het petrol en smeermiddels gevolg.











https://youtu.be/5Bo8UE9nNH8 **Shell logo through the years.**

Augustus is skoutyd in die Wes-Kaap

Inligting nou al nodig om te weet hoe en wat om te beplan.

(As jy betyds begin, noem jy dit BEPLAN; te laat begin, noem jy dit SPARTEL.)

Betekenis: Ook die tweejaarlike NASIONALE SKOU (derde keer in Wes-Kaap).

Skoutema: 'n EEU SE LANDBOUGESKIEDENIS

Groot geleentheid: Alwyn Vintcent staan op sy plek; word by program ingesluit

Uitstalkonsep: fabrikate volgens (vaste-)land van oorsprong — VSA, EUROPA, ens.

AUGUSTUS	AKTIWITEITE
Donderdag 8,	Wes-Kaap-beoordeling,
Vrydag 9,	Nasionale skou-beoordeling; Wes-Kaap jaarvergadering
Saterdag 10.	Gesinsdag

Toegangsbeleid: Alle besoekers betaal! Lede wie se ledegeld volledig betaal is, kry gratis toegang volgens ooreenkoms (dra naambalkie, ens.), **maar óf ledegeld betaal is, sal by die hek teen die ledelys gekontroleer en afgemerk word.**

Registreer: Onthou om alle items vir beoordeling te registreer. Sien in kassie heel onder. Dis om beoordelaars kans te gee om hulself vir hul taak voor te berei.

Beoordeel: Om aan die nasionale kompetisie deel te neem, moes jy verlede jaar gekwalifiseer het, of vanjaar daarvoor kwalifiseer. Jy moet dus Donderdag al met jou inskrywing opdaag.

En ons hoop baie lede wil hul trekkers, enjins, ens. laat beoordeel. Ons weet wat vervoerkoste is, en daarvoor het ons begrip, maar omdat die skou op Villiersdorp gehou word, is die sukses van ook die nasionale skou in 'n groot mate van ons lede se deelname afhanklik. En as jy nie in beoordeling belangstel nie — bring net!

Verblyf: **skoolkoshuis** (Maureen Roux - **072 332 1655**; **kampeer by seiljagklub** - **028 840 1334** of op die **skouterrein 028 840 1104**: soek jy na **gastehuise** op die internet, tik jy die volgende in: **guest houses in villiersdorp**, dan kom die keuses.

Veiligheid: Eintlik is elke klublid 'n veiligheidsbeampte. Dis ons organisasie en ons wat masjinerie en ou goed ken, weet die beste watter gedrag veilig is en watter nie. Moenie huiwer of skaam wees om op te tree nie — jy kan groot probleme voorkom. Maar die man met die grootste verantwoordelikheid is **Julius Herfurth** en hy word amptelik deur die veiligheidsbeamptes van elke kleinklub bygestaan. Dis 'n opdrag. Daardie veiligheidsbeamptes word met glimbaadjies geïdentifiseer. Hul name en besonderhede word teen die einde van Julie aan Julius verskaf.

Vanjaar moet alle lede wat items wil laat beoordeel, teen einde Junie hul inskrywings by Dries v.d. Walt (064 804 0094) registreer.
Doen dit sommer vandag.

Maak dit asseblief vir die organiseerders maklik en bepreek jou verblyf oral betyds. As daar nêrens meer plek, bv. op die skouterrein is nie, gaan mooipraat nie help nie!

SUID AFRIKAANSE VETERAAN TREKKER EN ENJIN KLUB BIED AAN:

NASIONALE VETERAAN TREKKER & ENJIN SKOU

VILLIERSDORP SKOUGRONDE WESKAAP



8-10 AUG 2024

TEMA: EEU VAN LANDBOU GESKIEDENIS

UITSTALLING VAN VETERAAN TOERUSTING

KOM GENIET DIE DAG SAAM MET ONS

MEER INLIGTING:
082 552 5491

WWW.SAVTEC.CO.ZA

RUD.SACK van LEIPZIG

6

Die bekende smede, John Deere en James Oliver van die VSA, wie se name in trekkerreekse verewig is, het oorspronklik naam gemaak met ploegskare en ploeë uit hul werkswinkels. Rudolf Sack van Duitsland was 'n inteligente, "gewone" boer, maar sy naam is ook in landboumasjinerie verewig. Ouer mense sal moontlik nog Rud.sack ploeë onthou. Vandag se mense ken Amazon.

Rudolph Sack het ploeë en saaimasjiene gemaak voordat hy uiteindelik in 1863 sy eie maatskappy naby Leipzig gestig het. Die Rudolf Sack-landboumasjineriefabriek het in die vervaardiging van landbou-toerusting gespesialiseer en was reeds aan die einde van die 19de eeu een van die grootste landboumasjinerievervaar-digers in Duitsland.

Sack se onderneming het gegroei. In 1867 het hy sy eie fabrieksgeboue opgerig en meer werknemers in diens geneem. In die maatskappy se 50ste bestaansjaar in 1913 het Rudolph Sack 2 000 mense in diens gehad. Hulle het 1000 ploeë en 40 saaidrille per dag gemaak. As gevolg van die wêreldwye ekonomiese krisis in die 1930s moes baie werknemers egter afgelê word, sodat in 1932 slegs 65 werknemers en 31 vakleerlinge in diens was.

Rudolph Sack is in 1891 deur sy seun, Paul, opgevolg. Hierdie twee geslagte het die firma gebou om Duitsland se grootste vervaardiger van grondbewerkingstoerus-ting te word. 'n Gietery is ook opgerig.

Met die uitbreek van WOII in 1939 was die maatskappy een van Duitsland se voorste ploeg- en landboumasjineriefabrieke. In die oorlog het die maatskappy groot skade gely voordat dit in April 1945 deur die Amerikaanse besetting gesluit is. Net een maand later het Sack produksie hervat met 224 werknemers.


Op 30 Oktober 1945 het die Sowjet Mili-têre Administrasie beslag gelê op al die maatskappy se bates om uiteindelik 'n tipies Kommunistiese staatsbeheerde maatskappy, die Leipziger Soil Processing Equipment te word, toe een van die grootste landboutegnologie-vervaardigers in die Duitse Demokratiese Republiek. Ná die re-unifikasie van Duitsland in 1990 het Amazone Werke die firma oorgeneem. ●



Sack was slim genoeg om die ploeg-aksie te ontleed en teen 1850 die Loben ploeg te ontwerp en te laat bou. Die ploeg het lig getrek en die ploegman is nie rondgepluk nie.




Die ontwerp wat ook gewild was in Suid-Afrika.



Die Sack saaidril vir perde het in 1940 só gelyk.

Graankorrels uit die bak van die Sack saaidril (hierbo) het sorgvuldig gespasiëerd in die saaigrond beland.




beginjare: https://youtu.be/Lf_f0GB4hkM

tot by Amazone: https://youtu.be/jZhOlfZzwQE

OLIFANTSRIVIER HELP VERSEKER DIE SUKSES VAN CLANWILLIAM SE LANDBOUSKOU.



Jan Burger se Farmall C uit museum vir die okkasie.



Frans Nieuwoudt op sy LA.



Voorsitter Brandon Lubbe het o.m. sy Ford gebring. Uit die dae van groot karre en goeie paaie.







Dit lyk nie so nie, maar hierdie donkie het spoed.

Gaan kyk op die Villiersdorp-skou vir die donkiebaler....

Kyk hoe werk die staanbaler: https://youtu.be/4TyKTKn5CQY



Richard Kotze het sy gesin op hul Fendt Einmann vervoer.





Andries Smit se 1950 Oliver het 40 jaar laas geloop.

John van Wyk het met sy uitsonderlike Unstyled John Deere A uit sy museum die uitstalling gekomplementeer.





Suné het ter ere van pa, Sakkie Koegelenberg, saamgery.

Sien jy 'n bekwame seuntjie op 'n Allis, is dit 'n Smit.





Jan Burger gebruik sy gerestoureerde Bedford om die trekkers in sy museum te vervoer.



Olifantsrivier sorg vir sy lede en sy gemeenskap. Dankie!

Wetsgehoorsaam uit die Olifantsrivier: Passasiers ry op 'n wa en nie op 'n trekker.

SWARTLAND,
nie Smartland nie!





Johan se netjiese 44K verleen kleur aan enige geleentheid.

Die Swartlanders geniet hul trekkers en hul klublede se geselskap.





Bredasdorpers
gaan hou naweek anderkant Elim

Die naweek van die 22-24 Maart het Bredasdorpgroep ’n trekkertrip na De Kleine Akker (anderkant Elim) gehad.

Vrydagoggend het van ons klublede met sewe trekkers in Napier bymekaar gekom.

Soos dit gaan met ou trekkers, was daar een of twee wat effens "steeks" was, maar gelukkig het die rit na De Kleine Akker goed verloop.

Die naweek is daar lekker gekuier en gesels, wenke gedeel en raad gegee.

Die Saterdag het die reën ons bietjie soos skape op ’n hoop onder die "cazebo's" ingejaag, maar Dit het ons nie afgesit van ’n aangename kuier nie.

Sondagoggend het ons opgepak en huiswaarts gekeer. Al sewe trekkers het ná al-tesaam 45 km sonder enige probleme weer op Napier aangekom.



Haastige dogtertjie.

’n Mooi groep in ’n mooi omgewing.



Veilig gery, netjiese staning gemaak en toe lekker gekuier.







NUUSBROKKIES



Wat gaan hier aan?

Suid-Afrika se eerste binnelandse hawe nader voltooiing. Dit word spesiaal vir die sleepboot Alwyn Vintcent op Villiersdorp gebou.

WP se besoek aan die Tankwa







Die WP-klub....

A. Ry graag met hul trekkers buite die stad;
B. Wanneer hulle ry, raak hulle moeg en moet hulle teen hul sin eers ’n biet-jie ververs;
C. Hulle het ’n be-sondere band met die padstal in die middel van daardie deel van die Karoo;
D. Toe die padstal afgebrand het, was WP-manne op ’n manier by die heropbou betrokke.
E. Hulle gaan graag daarheen
F. Jaarliks in Augustus ry hulle verby “hul” padstal Calvinia toe.

PIKETBERG VETERAAN TREKKER- & ENJINKLUB EN
EENDEKUIL BOEREVERENIGING BIED AAN

PIKET KLUB PLOEG- & ENJINDAG EN MOEGGEPLOEGDANS



8 JUNIE 2024

PLEK: EENDEKUIL
PERDESPORTGRONDE

PLOEGDAG BEGIN: 09:30

DANS BEGIN: 19:00

KONTANTKROEG, KOS, SNOEPIE
& KINDERVERMAAK BESKIKBAAR
KAARTFASILITEITE BESKIKBAAR

LIVE SPORT & SPIT - VANAF 16:00

KOSTES:

PLOEGDAG & DANS:
VOLWASSENES - R120
KINDERS ONDER 12 - R50

KAMP- & KARAVAAN
STAANPLEK - R100

KAARTJIES BY DIE HEK TE KOOP

VIR ENIGE NAVRAE SKAKEL:
NIEL 083 562 7400 OF
BENJAMIN 083 978 8877

Banksake, ledegeld en kommunikasie:

Tesourier Janice Rheeder sukkel om almal se ledegeld in te samel.

Help haar, kleinklubs/onafhanklike lede! Sy werk voltyds en die klub moet nie haar taak bemoeilik nie.

Die maklikste deesdae om te betaal: **EFT**.

Maak asseblief net seker dat jy die tesourier verwittig.

Standard Bank, Paarl – 051 001
Die Wes-Kaapse Veteraan-trekker-en-enjinklub · 310 370 809

Hou jy getrou jou kommunikasiebesonderhede op datum?

- Voorsitter: Johannes Uys: 082 552 5491; johannes@mme.co.za
- Tesourier: Janice: 083 441 9257; weskaapveteraanklub@gmail.com
- Sekretaris: Kobus Kuyler: 082 334 5665; kkuyler@pnp.co.za

BELANGRIKE DATUMS

25 Mei: Swartland se ploeg- en saaidag

8 Junie: Piket se "Moeggeploeg-storie" Sien advertensie.

16 Junie: WP se "Wildkamp-uitstappie"

22 Junie: 2024 - Trekkerrit oor die Rooiberge vanaf Calitzdorp na die Rooiberg Lodge en terug!! Klublede moet asseblief vroegtydig boek vir slaapplek te Calitzdorp Stasie. Mooi en skoon geriewe beskikbaar. Die rit is 41.7 KM en dan weer terug.

6 Julie: Swartland se rit na Plaasjapie

13 Julie: WP se enjin"start up"

8,9,10 AUGUSTUS: SAVTEK se NASIONALE skou saam met die Wes-Kaap se jaarlikse skou op VILLIERSDORP.



'n Agterwielvelling (rim) van 24X7 duim en 'n verkoeler is al wat Tinkie Conradie van Worcester benodig om sy Pony so te laat lyk. As jy kan help, bel hom by 083 926 8243 en gesels, asseblief.



Tinkie het drie wrakke gekoop. Hy het dus heelwat onderdele oor, waarvan hy weer aan ander lede sal afstaan.

As jy hom nog voor die skou kan help, sal daar een plesiertjie meer wees om te geniet, en joune dalk ook.